HOOFSTUK 15

Befondsing beskikbaar by Provinsiale Departemente

Wes-Kaapse Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie — Plaaslike Kantoor
Utilitas Gebou, Dorpstraat 1, Kaapstad 8001
Privaat Sak X9067, Kaapstad 8000
Tel: (021) 462 4050
Faks: (021) 465 2960

- Hierdie departement befonds projekte met betrekking tot handwerk en die musiekuitvoerings.
- Dit befonds ook die ontwikkeling van tegnologie in inkomstegenererende projekte, byvoorbeeld in byeboerdery en die produksie van ru-sy.

Wes-Kaapse Departement van Gesondheid
Kamer T20-11, Dorpstraat, **Kaapstad** 8001
Posbus 2060, Kaapstad 8000
Tel: (021) 483 4473
Faks: (021) 483 3599

- Die departement maak geldelik voorsiening vir gelisensieerde tuistes vir die versorging van minderjariges met erge gestremdhede, groepsbehuising vir volwassenes met gestremdhede wat nie selfversorgend is nie en ook vir dagsorgsentrums vir minderjariges met gestremdhede.
- Nieregeringsorganisasies ontvang befondsing vir die daarstelling van dienste met betrekking tot MIV/VIGS-programme en gemeenskapsgebaseerde voedingsprogramme, asook vir geïntegreerde voedingsprogramme met betrekking tot wanvoeding en tuisversorging.
- Die departement tree ook as agent op vir nasionale programme soos die befondsing van inkomstegenererende projekte en fokus meestal op tuinbou en bakwerk.

Wes-Kaapse Departement van Landbou
Kamer AG-08, Administrasie Gebou, **Elsenburg** 7607
Privaat Sak X1, Elsenburg 7607
Tel: (021) 808 5004
Faks: (021) 808 5000

- Hierdie departement maak voorsiening vir befondsing aan organisasies vir die ontwikkeling en onderrig van tegnologie wat met landbou verband hou.
- Boere ontvang subsidies vir grondbewaringsprojekte.
- Fondse word gegee aan groepe gemoeid met landelike ontwikkeling vir landelike ontwikkeling en armoedeverligting.

- Die departement tree as agent op vir nasionale programme soos die befondsing van inkomstegenererende projekte en stel as sodanig fondse beskikbaar vir voedselsekerheidsprojekte (projekte wat gemeenskappe aanmoedig om hulle eie voedsel te produseer).

Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

Kamer 8-25, Dorpstraat 9, **Kaapstad** 8001
Posbus 979, Kaapstad 8000
Tel: (021) 483 3840
Faks: (021) 483 3409

- Dié departement befonds organisasies soos WESGRO, wat handel en die bemarking van beleggings bevorder.
- Die departement befonds ook die operasionele koste van vervaardigingsadviessentrums en uitvoerontwikkelin gsprogramme.
- Fondse word beskikbaar gestel vir niewinsgewende inisiatiewe wat ten doel het om industriële groei in die ontwerpgekoppelde sektor, die agri-besigheidsektor en die hoëtegnologiesektor te bewerkstellig.
- Tersiêre instansies kan befondsing kry vir die koördinering van ekonomiese ontwikkelingsprojekte, byvoorbeeld vir mense met gestremdhede, entrepreneurs-ontwikkeling by skole, mentorskapsprogramme vir swart medium en mikro-ondernemings.
- Befondsing is beskikbaar vir besigheidshoekies in biblioteke om hulle in staat te stel om inligting oor klein, medium en mikro-ondernemings aan die publiek beskikbaar te stel.
- Befondsing vir werkskeppingsprojekte, armoedeverligting en kapasiteitsbou-inisiatiewe is beskikbaar.
- Organisasies wat projekte met betrekking tot swart ekonomiese bemagtiging, die jeug, mense met gestremdhede of die verkryging van dienste en besigheidsontwikkeling in die informele nedersettings wil inisieer, kan by die departement aansoek doen vir befondsing.
- Daar is beurse beskikbaar vir studente wat toerisme en spyseniering wil bestudeer.
- Befondsing word gegee vir geïntegreerde projekte in toerisme-ontwikkelingsraamwerke.
- Die departement stel ook befondsing beskikbaar vir die ontwikkeling, ondersteuning en bemagtiging van klein en mikro-sakeondernemings waarby individuele entrepreneurs en gemeenskapsgebaseerde toerismeprojekte betrokke is.
- Die departement tree as agent op vir nasionale programme, met inbegrip van projekte ten opsigte van openbare werke wat in een van die volgende kategorieë val: ontwikkeling van die kuslyn, bestuur van gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronne, beskermde gebiede, toerisme en afvalbestuur.

Wes-Kaapse Departement van Onderwys

9de vloer, Grand Central Towers, Onder-Parlementstraat, **Kaapstad** 8001
Privaat Sak X9114, Kaapstad 8000
Tel: (021) 467 2535
Faks: (021) 467 2363

- Hierdie departement verskaf subsidies aan staatskole vir gewone of spesiale opleidingsprogramme, onafhanklike skole, sentrums vir volwasseneopleiding en sentrums vir vroeë kinderopvoeding, asook aan onderwys- en opleidingsliggame.
- Daar is beurse beskikbaar vir onderwysstudente.
- Die departement bestuur die nasionale program van befondsing van projekte ten opsigte van openbare werke, soos skoolbouprojekte en befondsing vir basiese onderwys en opleiding vir volwassenes (ABET).

Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering

Waalstraat 27, **Kaapstad** 8001
Privaat Sak X9076, Kaapstad 8000
Tel: (021) 483 4708
Faks: (021) 483 4334

- Hierdie departement behartig die nasionale program van befondsing vir die implementering van projekte met betrekking tot maatskaplike planne en ook projekte rakende plaaslike ekonomiese ontwikkeling.
- Fondse word gegee vir projekte waarin daar samewerking is tussen die munisipaliteit en organisasies in die plaaslike gemeenskap.
- Befondsing van maatskaplike planne vind plaas met die oog op groter steun aan werkskepping in gevalle waar groot maatskappye 'n groot aantal werkers ontslaan.
- Die fonds vir die ontwikkeling van die plaaslike ekonomie verleen finansiële steun aan projekte met inbegrip van aktiwiteite wat met klein, medium en mikro-ondernemings verband hou. Die departement maak ook voorsiening vir befondsing van lewensredding sverenigings.

Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke — Streekkantoor

Dorpstraat 9, **Kaapstad** 8001
Posbus 2603, Kaapstad 8000
Tel: (021) 483 2125
Faks: (021) 483 2106

- Die nasionale departement befonds gemeenskapsgebaseerde projekte met betrekking tot openbare werke wat tydelike werksgeleenthede vir plaaslike gemeenskappe skep. Die streekkantoor hanteer aspekte van die nasionale program. Meer as die helfte van die werk ten opsigte van projekte met betrekking tot openbare werke word vir vroue gereserveer. Jong mense tussen die ouderdomme 18 en 25 jaar, asook mense met gestremdhede, moet in diens geneem word.
- Indien die projekte van klein, medium en mikro-ondernemings gebruik maak, moet hulle seker maak dat meer as die helfte daarvan deur voorheen benadeelde individue besit word. 'n Klein gedeelte van die begroting moet ook toegewys word vir opleiding en kapasiteitsbou. Alle opleiding moet geakkrediteer wees sodat enigeen wat ná afhandeling van die projek ander werk soek, in 'n beter posisie is wees om dit te kan doen.

Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting 6de vloer, Union Gebou, Queen Victoriastraat 14, Kaapstad 8001

Privaat Sak X9112, Kaapstad 8000
Tel: (021) 483 2072
Faks: (021) 483 8719

- Die Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting verskaf op ontwikkelingsgerigte wyse maatskaplikewelsynsdienste aan minderbevoorregte en kwesbare persone, asook aan diegene met spesiale behoeftes.
- Die dienste is gemik op mense vir wie dit, as gevolg van hulle omstandighede, moeilik is om self in hulle behoeftes te voorsien.
- Tipiese dienste sluit in 'n maandelikse kontantvoordeel in die vorm van maatskaplike toelaes vir mense met gestremdhede, bejaardes, oorlogsveterane en toelaes met betrekking tot sorgafhanklikheid en kinderonderhoud.
- Bykomende dienste sluit in dienste wat fokus op die kwesbare groepe, soos bejaardes, vroue, kinders en diegene wat deur MIV/VIGS geraak word.
- Verder word daar aan kwesbare gemeenskappe ondersteuning gegee in die vorm van programme met betrekking tot armoedeverligting. Sodanige programme sluit in kort- en langertermynprojekte wat fokus op voedselsekerheid en meer volhoubare inisiatiewe vir die ontwikkeling van die gemeenskap.
- Die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling maak voorsiening vir fondse vir inkomstegenererende projekte, in die besonder dié wat op landelike vroue fokus. Die geld word beskikbaar gestel via die Independent Development Trust (IDT). Die IDT kan by Kerkstraat 63, Kaapstad, Tel: (021) 426 4588, Faks: (021) 423 4256 bereik word.
- Die provinsiale departement tree as agent vir nasionale programme op. Dit sluit die program vir geïntegreerde landelike ontwikkeling in. Hierdie program maak voorsiening vir befondsing van landelike voedselproduksie-eenhede vir huishoudings wat deur MIV/VIGS geraak word.
- Daar is ook befondsing beskikbaar vir die totstandkoming van projekte met betrekking tot landelike hernuwing, waar gefokus word op vaardigheidsopleiding en werkskepping, asook plaaslike projekte met betrekking tot die ekonomiese ontwikkeling van vroue.
- Die departement befonds ook die oprigting van veeldoelige sentrums.

Wes-Kaapse Departement van Sport en Ontspanning

7de Vloer, Protea Assurance Gebou, Groentemarkplein, **Kaapstad** 8001
Tel: (021) 483 2616
Faks: (021) 483 9504

- Hierdie departement bestuur nasionaal-befondsde werksprojekte wat fokus op die bou en opgradering van sportgeriewe.

Wes-Kaapse Departement van Gemeenskapsveiligheid

Kamer M-60, Tussenverdieping, Waalstraat 15, Kaapstad 8001
Posbus 5346, Kaapstad 8000
Tel: (021) 483 3606
Faks: (021) 483 3479

- Hierdie departement stel fondse beskikbaar aan geme enskapspolisiëringsforums sodat hulle voorsiening kan maak vir misdaadvoorkomingsdienste.
- Akademiese instellings kan ook aansoek doen om geld vir navorsingsprojekte wat handel oor tendense in misdaad en die dinamiek daarvan.
- Die departement bestuur nasionale programme vir die befondsing van gemeenskapsgebaseerde programme met betrekking tot die ondersteuning van slagoffers asook jeuginisiatiewe en geïntegreerde programme gerig op die vermindering van verkragting, kindermolestering en gesinsgeweld.

Wes-Kaapse Departement van Water en Bosbou — Distrikskantoor

Strandstraat 17, Bellville 7535
Tel: (021) 950 7100
Faks: (021) 946 3666

- Hierdie departement bestuur die nasionale befondsing van die "Werk vir Water"-projekte wat gemik is op die uitroei van indringerplante ten einde die beskikbaarheid van water te verbeter.
- Dit befonds ook projekte gemoeid met die voorsiening van water aan gemeenskappe en sanitasieprojekte gemik op die voorsiening van voldoende water en sanitasie-infrastruktuur aan arm gemeenskappe.

Wes-Kaapse Departement van Behuising

Kamer 7-01, 7de Vloer, Waalstraat 27, Kaapstad 8001
Privaat Sak X9083, Kaapstad 8000
Tel: (021) 483 4347
Faks: (021) 483 3475

- Hierdie departement maak voorsiening vir behuisingsubsidies vir huishoudings deur kapitaal te voorsien vir behuisingsprogramme wat deel uitmaak van die nasionale behuisingsubsidieprogram.